



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE V1

## NOVEMBER 2014

**PUNTE: 150**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs blou of swart ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 15 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 B.

1.1.1 Die vloei van geld uit die finansiële sektor na die ekonomie word 'n … genoem.

A inspuiting
B uitgawe
C lekkasie

1.1.2 Die oordrag van eienaarskap van die publieke na die privaat sektor staan as … bekend.

A desentralisasie
B nasionalisering
C privatisering

1.1.3 Die staat se inkomste- en bestedingberamings vir 'n driejaar-tydperk word in die … weerspieël.

A provinsiale begroting
B hoofbegroting
C mediumtermynbestedingsraamwerk (MTBR)

1.1.4 'n Bepaalde plan van optrede wat deur 'n groep of organisasie aanvaar word in 'n poging om beste praktyk te bevorder, staan as … bekend.

A beleid
B strategie
C inisiatief

1.1.5 Wanneer die staat tariewe gebruik om invoere te ontmoedig, word dit … genoem.

A uitvoerbevordering
B beskerming
C monetêre beleid

1.1.6 Geografiese gebiede wat 'n breër nywerheidsontwikkelings-mikpunt het en wat enige plek geleë kan wees om trosontwikkeling ('cluster development') te bevorder, word … genoem.

A korridors
B Spesiale Ekonomiese Sones ('SEZs')
C vervaardigingsones

1.1.7 Die totale markaanbod kan deur 'n owerheidsbeleid van … gestimuleer word.

A produksiekoste te verminder.
B die doeltreffendheid van insette te beperk.
C die produktiwiteit van produksiefaktore te verlaag/verminder.

1.1.8 Die instelling wat bemagtiging en transformasie deur 'n kode van goeie praktyk monitor, staan as die … bekend.

A Suid-Afrikaanse Reserwebank
B Nywerheidsontwikkelingskorporasie
C Departement van Handel en Nywerheid (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Reële vloeie | A verskaf deur die staat en word deur almal in die samelewing gebruik |
| 1.2.2 Resessie | B meet veranderinge in pryse van goedere en dienste |
| 1.2.3 Publieke goedere | C dit versterk institusionele kapasiteit en bevorder ontwikkeling |
| 1.2.4 Ruilvoet | D die vloei van goedere en dienste |
| 1.2.5 Wêreldbank | E bevorder ontwikkeling in die Suider-Afrika-streek |
| 1.2.6 Geïntegreerde vervaardiging-strategie | F die internasionale instelling wat ekonomiese herstel en ontwikkeling bevorder |
| 1.2.7 Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika | G 'n negatiewe ekonomiese groei vir ten minste twee agtereenvolgende kwartale |
| 1.2.8 Verbruikersprys-indeks | H die vloei van inkomste en besteding |
| | I die verhouding tussen uitvoer- en invoerpryse |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 'n Ekonomie wat die buitelandse sektor insluit

1.3.2 Die korttermyn- en baie korttermynmark vir spaargeld en lenings

1.3.3 'n Kurwe wat die verwantskap tussen belastingkoerse en belasbare inkomste toon

1.3.4 Die wêreldwye interaksie van ekonomieë, met handel as 'n sleutelelement

1.3.5 Die koers waarteen banke geld by die Reserwebank leen

1.3.6 Die verwydering van onnodige regulasies wat die vrye werking van markte beperk (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 20 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE metodes wat gebruik word om nasionale-inkome-totale te bereken. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe sal die inkrimpingsfase van 'n sakesiklus die ekonomie deur middel van rentekoerse beïnvloed? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**EKONOMIESE AANWYSERS**

Ekonomiese aanwysers is statistiek wat gebruik word om sekere aspekte van die ekonomie te meet wat met die vooruitskatting van sakesiklusse help, byvoorbeeld werkloosheidskoerse, kleinhandelverkope en advertensieruimte vir werkgeleenthede. Behalwe ekonomiese aanwysers is die lengte en amplitude van 'n sakesiklus ander faktore wat onderliggend is aan die vooruitskatting van sakesiklusse. Die Reserwebank stel ook saamgestelde aanwysers op wat die prestasie van die ekonomie weerspieël.




[Aangepas uit die Internet 2013]

2.2.1 Identifiseer 'n leidende ekonomiese aanwyser uit die data hierbo. (2)

2.2.2 Definieer die term *saamgestelde aanwyser.* (2)

2.2.3 Wat word deur die amplitude van 'n sakesiklus gedemonstreer? (2)

2.2.4 Verduidelik die lengte van 'n sakesiklus as 'n kenmerk onderliggend aan vooruitskatting. (4)

2.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**UITTREKSEL UIT DIE BETALINGSBALANS**

| | **R MILJOEN** |
|---|---|
| **KAPITALEOORDRAG-REKENING** | **+241** |
| **FINANSIËLE REKENING** | |
| Netto direkte beleggings…………………………………………………….. | 12 900 |
| Netto portefeuljebeleggings.......................................................... | 54 477 |
| Ander beleggings………………………………………………………….. | 107 688 |
| **Saldo op die finansiële rekening……………………………………….** | **175 065** |
| **Onaangetekende transaksies...………………………………………..** | **–1 801** |
| **VERANDERING IN NETTO GOUD- EN ANDER BUITELANDSE RESERWES ………………………………………………………….……** | **?** |

[Bron: *SARB Kwartaalblad*, Desember 2013]

2.3.1 Watter item sal 'n Suid-Afrikaanse besigheid wat eiendom in die Verenigde State van Amerika aankoop, insluit? (1)

2.3.2 Definieer die term *betalingsbalans*. (2)

2.3.3 Wat is die doel van die item 'Onaangetekende transaksies'? (2)

2.3.4 As die saldo op die lopende rekening –R164 548 was, bereken die waarde van die 'Verandering in Netto Goud- en ander Buitelandse Reserwes'. Toon ALLE berekeninge. (5)

2.4 Vergelyk 'n *vry swewende wisselkoersstelsel* met 'n *beheerde swewende wisselkoersstelsel.* (2 x 4) (8)

2.5 Bespreek die vermenigvuldiger en die effek daarvan op nasionale inkome, as die marginale verbruiksgeneigdheid (mvg) 0,6 is en die investering met R10 bn. styg. (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 20 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE monetêre beleidsinstrumente wat deur die Reserwebank gebruik word. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoekom is ekonomiese aanwysers belangrik vir die staat? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KOOP SUID-AFRIKA TERUG**

Hierdie veldtog is 'n inisiatief deur die Departement van Handel en Nywerheid (DHN), die Vervaardigingsirkel en Trots Suid-Afrikaans. Dit is gerig op die aankoop van Suid-Afrikaans-vervaardigde produkte. Dit vorm deel van die staat se strategie om die ekonomie te laat groei. Dis belangrik om die land se nywerheidsbasis te versterk en te diversifiseer ten einde uitvoermarkte te ontwikkel.

Die Europese Unie het egter 'n verbod op die invoer van besmette sitrusvrugte vanaf Suid-Afrika geplaas.

[Aangepas uit *Business Report*, November 2013]

3.2.1 Watter staatsdepartement het die Koop Suid-Afrika Terug-veldtog ingestel? (1)

3.2.2 Wat beoog die staat om met hierdie veldtog te bereik? (1)

3.2.3 Hoe kan die staat bevoordeel word deur die diversifisering van die land se nywerheidsbasis? (2 x 2) (4)

3.2.4 Watter negatiewe effek kan die Europese Unie se verbod op sitrusinvoere op plaaslike sitrusprodusente hê? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die spotprent en uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BERAAD OOR SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING**




Die doel van die mees onlangse SEB-beraad was om die afgelope dekade van die SEB-stelsel te bestudeer. Maatreëls was gereed om die stelsel te verbeter, alhoewel hulle steeds etlike probleme ondervind het, soos maatskappye wat dit as 'n rookskerm gebruik om die voorgeskrewe wetlike vereistes te systap, asook die verifiëring van SEB-vlakke van maatskappye.

Daar is 'n ernstige tekort aan swart nyweraars in die land; transformasie is dus in die sektor nodig.

[Aangepas uit *Business Report*, Oktober 2013]

3.3.1 Wat is die doelwit van swart ekonomiese bemagtiging? (2)

3.3.2 Voor watter uitdagings kom die SEB-beleid tans te staan? (2 x 1) (2)

3.3.3 Verduidelik die boodskap wat in die spotprent uitgebeeld word. (2)

3.3.4 Na jou mening, waarom ervaar ons steeds 'n ernstige tekort aan swart nyweraars in die land? (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek kortliks die doelwitte van streeksontwikkeling. (4 x 2) (8)

3.5 Ontleed *bevolkingsgroei* en *lewensverwagting* as sosiale aanwysers verwant aan demografie. (2 x 4) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 20 MINUTE**


4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE aanbodredes vir internasionale handel. (2 x 1) (2)

4.1.2 Wat is die hoofdoelwit van die uitgebreide openbarewerkeprogram (UOWP)? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRICS-HANDELSPROTOKOL**




[Bron: Internet, Oktober 2013]

4.2.1 Definieer die term *handelsprotokol.* (2)

4.2.2 Verduidelik die boodskap wat deur die spotprent uitgebeeld word. (2)

4.2.3 Waarom word Suid-Afrika as die poort na Afrika beskou? (2)

4.2.4 Hoe sal Suid-Afrika voordeel trek uit sy BRICS-lidmaatskap? (4)

4.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NASIONALE INKOME- EN PRODUKSIEREKENINGE VAN SUID-AFRIKA**

| | **2012 R miljoen** |
|---|---|
| Vergoeding van werknemers<br>Netto bedryfsurplus<br>Vastekapitaalverbruik | 1 451 603<br>922 030<br>405 640 |
| **Bruto Waarde Toegevoeg @ Faktorkoste** | **2 779 273** |
| Ander belasting op produksie<br>Ander subsidies op produksie | 56 527<br>15 538 |
| **(A)** | **2 820 262** |
| Belasting op produkte<br>Subsidies op produkte | 338 804<br>20 086 |
| **Bruto Binnelandse Produk @ Markpryse** | **(B)** |

[Bron: *SARB Kwartaalblad*, Desember 2013]

4.3.1 Skryf die ontbrekende item gemerk **(A)** neer. (2)

4.3.2 Definieer die term *bruto binnelandse produk (BBP).* (2)

4.3.3 Verduidelik die item 'Vastekapitaalverbruik'. (2)

4.3.4 Bereken die 'Bruto Binnelandse Produk @ Markpryse' gemerk **(B)**. Toon ALLE berekeninge. (4)

4.4 Bespreek die ekonomiese aanwysers wat op produktiwiteit betrekking het. (2 x 4) (8)

4.5 Beredeneer hoe vryhandel eerder as beskerming lande sal bevoordeel. (2 x 4) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord slegs EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL: | PUNTETOEKENNING: |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/In-diepte bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer<br><br>**Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks | Maks. 26<br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking** | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 35 MINUTE**

Die staat poog voortdurend om spesifieke doelwitte te bereik om die nasie se lewenstandaard te verbeter.

- Bespreek die makro-ekonomiese doelwitte van die staat in die Suid-Afrikaanse ekonomie. (26)
- Na jou mening, tot watter mate het die Suid-Afrikaanse regering al hierdie doelwitte bereik? (10)

**[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 35 MINUTE**

Sedert 1994 het die Suid-Afrikaanse regering verskillende strategieë ontwikkel om die ekonomie te verander.

- Bespreek die volgende Suid-Afrikaanse groei- en ontwikkelingstrategieë in detail:
  → Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie (NVOS)
  → Die Nuwe Groeipad (NGP)
  → Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) (26)
- Evalueer die strategieë wat in Suid-Afrika gebruik word. (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou